

RANDOM NUUS

49



DECEMBER 2023
TRIENNIAL NEWSLETTER
WWW.DUTOITAGRI.CO.ZA



DEDICATION ALWAYS SHOWS

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika.





01 FOKUS

Pieter du Toit
Hennie du Toit
Willem Coetzee

02 KOLLIG

Gys du Toit Snr

03 ONS ARGIEF

04 AFDELINGNUUS

Nooitgedacht
Crispy
Dutoit Groente
Dutoit Tegnies
Dutoit Bemarking

05 ALGEMEEN

Gesondheidswerkers
Bewaarskole en Skole
Sport
Algemeen

06 AANSTELLINGS & AFTREDES

Aanstellings
Aftredes
Ons groet bestuur





01 FC



OKUS





PIETER DU TOIT

Oorgee van aflosstokkie

Vanaf 1 Desember 2023 neem Hennie du Toit die leisels by van die DUTOIT GROEP. Ek is opgewonde en terselfdertyd trots dat ons hierdie leierskaprol aan 'n interne kandidaat en familielid kan oorgee. Hennie verstaan die hartklop van die besigheid en het jare se blootstelling aan ons waardes, stelsels en kultuur.

In alle besighede is die oorgee van die rol van 'n lank dienende senior bestuurslid 'n kritiese stap. Dit bring 'n nuwe benadering oor die funksionering van ons maatskappy. Mense hou nie noodwendig van verandering nie, maar vernuwing en aanpassing by veranderde omstandighede kan 'n groot bate vir ons maatskappy wees. Daarom versoek ek dat elke spanlid die nuwe leierskap positief sal benader om ons maatskappy sterker te maak.

Wat my eie rol in die toekoms betref gaan ek vanaf die kantlyn ondersteunend optree teenoor ons span op die veld, waar hul ookal reken ek kan waarde toevoeg. Ek kan selfs in 'n


noodgeval gaan uithelp op die veld! My deur staan oop vir die span.

Ek is geseënd met goeie gesondheid en my passie vir ons maatskappy sal seker nooit verdof nie. Met meer tyd vir reis, lees, dieper denke, spesiale ondersoeke of meer persoonlike kwaliteit gesprekke sien ek met groot verwagting uit na die volgende fase van my lewe.

My beste wense en bede is elke dag by die span.

Gaan voluit en speel volgens jul vermoë – altyd met 'n goeie plan. Sukses sal volg.

Vriendelike groete,
Pieter du Toit SR
Uitredende CEO





HENNIE DUTOIT

Ek is opgewonde om die leiers by Dutoit Groep by Pieter (sr) oor te neem en is baie bewus van die groot verantwoordelikheid wat hiermee gepaard gaan. As deel van die 4de generasie van ons familiebesigheid is ek geëerd om die nalatenskap van my voorouers voort te sit en te help om die besigheid na nuwe hoogtes te neem.

Terwyl ons hierdie nuwe reis saam aanpak, wil ek die uitdagings erken wat ons as 'n besigheid en as 'n land in die gesig staar. Suid-Afrika staar tans verskeie uitdagings in die gesig, insluitend ekonomiese onsekerheid, vaardigheid tekorte en infrastruktuur kwessies. Ek glo egter dat ons met sterk leierskap en 'n duidelike visie hierdie uitdagings kan oorkom en op die langtermyn kan floreer.

Die besigheid het 'n sterk fondasie wat oor die afgelope 130 jaar opgebou is met baie passie, doelgerigtheid, energie, kennis en waagmoed. Om ons besigheid meer doeltreffend te maak en oor die langtermyn te groei, moet ons as 'n span saamwerk. Ek is daartoe verbind om 'n kultuur van samewerking, respek, vertroue en uitnemendheid te bou. Ons moet openlik en

eerlik kommunikeer, en oop wees vir terugvoer en kritiek. Daar is altyd ruimte vir verbetering in enige besigheid en ons moet begin met klein veranderinge vir vinnige implementasie, waarna groter verandering met meer vertroue kan volg. Ek besef dat verandering uitdagend kan wees, maar dit is nodig op die regte tyd vir voortdurende groei en innovasie.

Ons het 'n sterk leierskap span wat verbind is tot die besigheid se visie en waardes. Ons het talentvolle werknemers wat passievol is oor hul werk en toegewyd is aan die besigheid. En ons het 'n lojale kliëntebasis wat ons vertrou om produkte en dienste van hoë gehalte aan hulle te verskaf.

Ek wil in besonder vir Pieter (sr) en Gys (sr) bedank vir hulle toegewydheid oor die afgelope 4 dekades tot die Dutoit besigheid. Julle was vir baie jare die pasaangeërs in ons besigheid, asook die industrie, en was vir ons almal die toonbeeld van toegewydheid. Ons is saam met julle trots op 'n suksesvolle besigheid wat julle help bou het en ons onderneem om met vertroue die besigheid in 'n nuwe era in te lei.



WILLEM COETZEE

Dis Kersfees en by Dutoit Agri ook weer kersie fees tyd!

Ek lees onlangs die volgende wyse woorde op 'n advertensiebord raak: "All we have is now". Moenie wag vir môre nie. Maak nou die verskil, handel nou daardie besoek of kritiese gesprek af, samel nou die oes in, môre bring sy eie nuwe bekommernisse en take. Van uitstel, kom afstel sou my pa definitief byvoeg.

Dit bring my by 'n blykie van hulde aan Daléne Conradie en Klasie van der Merwe wat albei vir die hier en nou geleef het en nie uitgestel het nie. Beide van hulle het tot op die einde van hul tyd saam met ons voluit gelewe en nie net 'n werklike verskil in my eie lewe gebring nie, maar ook 'n treffende impak in ons besigheid gelos. En dis waar ek eeffe verskil... "we also have then!" Die herinneringe en wysede kan niemand wegneem nie en sal altyd met ons bly. Hou daaraan vas, leer daaruit en bou verder voort!

As ons na die hier en nou in ons besigheid kyk, lyk die ander oeste belowend ten spyte van die rypskade wat ons by die kersies en sommige

steenvrugte opgedoen het. Ons kersie-oes is reeds 70% afgehandel en verkope vorder fluks met markte wat tans ook saamspeel. Orals is daar opgewondenheid oor die kersies!

Ons neem 'n terugblik na die "then" en maak die boeke toe op 'n jaar met baie uitdagings, waarvan ons laasjaar die volgendes uitgewys het: Kostestygings, Eskom, Markte, Kontantvloei en Kwaliteitsbestuur. Ons het hierdie uitdagings daaglik bestuur en seën ervaar deur 'n wonderlike uie-oes en verkope resultate. Die vrugtespan het daaglik geleer om goeie planne te maak en elke bietjie waarde te beskerm en optimaliseer. Dankie vir elkeen se harde werk, lang dae en deursettingsvermoë!

Ons gebruik ook graag hierdie geleentheid om aan Pieter du Toit spesiaal baie dankie te sê vir sy leiding en wyse insette oor al die jare. Sterkte aan Hennie wat die Groep se leisels oorneem en saam met ons die Agri boot gaan help vinniger maak.


Vir ons nuwe finansiële jaar wil ons fokus op drie areas: Kontantvloei (ja, steeds en altyd




van kern belang), Kostebestuur en -besparings en die Verbetering van die aanboom kwaliteit (uitpakke) van ons produklyne.

Tydens ons vorige uitgawe was die kersies byna in volBLOM en nou in oestyd word ons herinner aan Kersfees; direkvertaal, Christusfees. Winkels begin die glans uitstal; liggies flikker en "Jingle Bells" speel oraloer. Kom ons herinner onself vandag ("now") aan die geboorte van Jesus en die verskil wat Hy op aarde kom maak het.

Mag jy en jou geliefdes 'n kansie kry om in hierdie besige Kerstyd met dankbaarheid die "now" in te asem en uit te leef na ander. Geseënde Kersfees!





02 KC



OLLIG





GYS DU TOIT SNR

My storie van HOOP

(Hoop is die onsekere verwagting dat 'n bepaalde gewenste gebeurtenis sal plaasvind)

Hoop is natuurlik nie moontlik sonder gebed nie, die twee gaan hand-aan-hand.

Dit is maklik om mismoedig te word oor die toestand van ons wêreld. Ons hoor van oorloë, natuurrampe, ongeregtigheid en lyding, en ons wonder of dinge ooit sal verbeter.

Dan kom die Bybel en sê vir ons die volgende: Hebreërs 11 Vers 1: "Die geloof dan, is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie".

My storie van bykans 50 jaar in die Landbou, was 'n geloofsreis van HOOP deur GEBED.

Hoop & Bid

- vir reën
- vir goeie oeste
- vir goeie pryse

HOOP is egter nie net vir die toekoms nie. Dit is ook vir vandag. Ons moet daaglik in die lig van hoop leef.

Ons weet Suid-Afrika is nie op 'n goeie plek nie (beurtekrag, wetteloos, hawens), maar daar is hoop.

Ek het vertrou in ons besigheid, omdat ons goeie hulpbronne en 'n fantastiese infrastruktuur het.

Dutoit het hardwerkende, lojale personeel, wat altyd hande sal vat en sal saamwerk.

GEBED

Ons sug onder die gekla en seer van die lewe
Maar hoop gee ons nuwe asem
Ons ontken nie die donker nie
Ons kyk nie die stukkend mis nie
Ons beleef dit in SA – maar in God kry ons nuwe asem om te leef
Neem 'n oomblik en haal diep asem
Blaas hierdie asem uit in die vorm van 'n sug
Neem dan weer 'n diep asem teug



God gee vir ons asem en lug in die longe – dit
is HOOP
Waar daar hoop is, is daar lewe
HOOP is die lewensasem van elke gelowige

My wens vir elk is 'n Geseënde Kersfees saam
met jul geliefdes. Kom ons lewe in hoop
gedurende 2024.





03 ONS





ARGIEF





Die eerste Dutoit nuusbrieff is in Mei 1982 deur die Personeel Departement begin. Hier is 'n paar uittreksels waarvan meeste vandag nog van toepassing is. Ons is baie trots op die ontwikkeling en groei van die Rondomnuus. Vandag staan ons op uitgawe 49 wat digitaal uitgestuur word. Baie dankie aan elkeen wat altyd die moeite doen om die tradisie vol te staan. "Groetnis van plaas tot plaas".

DU TOIT BOERDERY

PERSONEEL NUUSBRIEF

NO. 1 MEI 1982

Uiteindelik op skrif! 'n Nuusbrieff oor en vir ons personeel.

'n Geruime tyd al voel die Direksie die behoefte aan 'n soort rondskrywe wat aktuele nuus sal bevat oor ons mense en daartoe sal bydra dat ons nie net mekaar beter sal leer ken nie maar ook daardie broodnodige kontak in ons steeds groeiende organisasie sal bewerkstellig. Gooi daarby interressante brokkies met 'n personeelinslag en siedaar 'n welkome gas elke maand.

Nou is dit so dat 'n poging soos hierdie letterlik tot 'n vroeë en roemlose dood gedoem is indien die mense vir wie se voordeel dit ingestel is nie bydraes maak nie - sosiale nuusbrokkies, wenke oor die inhoud en formaat, ens. Laat waai dus!



LAAT NUUS

Dit is seker algemeen bekend dat Vastrap met ingang van 1 Junie sy "onafhanklikheid" van Paardekloof verkry. Die volgende personeelveranderings volg hierop:

Ria Roux het vanaf 10 Junie Vastrap se klerklike funksies oorgeneem.

Rita Kellerman, vroeër van Hoofkantoor, het vanaf dieselfde datum Ria se pos by Paardekloof oorgeneem.

Aanstellings vir die winkel sal eersdaags gemaak en aangekondig word.

Groetnis van plaas tot plaas - en moenie die versoek om bydraes en voorstelle vergeet nie - rig dit aan die Personeel Departement.

OES-AF

Ons jaarlikse personeelfunksie vind vanjaar op 11 Junie by die Belmont Hotel plaas. Die groep het geweldig gegroei die afgelope jaar en daar sal seker nie gou weer 'n geleentheid soos hierdie wees om mekaar te leer ken nie. Afgesien daarvan is die einde van 'n pragtige oes soos vanjaar sin darem seker ook iets om 'n gala geleentheid van te maak!

A SHORT COURSE IN SOUND HUMAN RELATIONS

The six most important words:

I admit that I was wrong

The five most important words:

You did a great job

The four most important words:

What do you think?

The three most important words:

Could you please?

The two most important words:



Thank you

The most important word:

We

The least important word:

I





04 AFDELING



INGNUUS





NOOITGEDACHT

DUTOIT EXTENDS SUPPORT TO WORKERS AND THEIR FAMILIES WITH LAUNCH OF NEW NOOITGEDACHT SCHOOL FACILITY

Looking after their most cherished workers and their family members has always been a priority for the Dutoit Group, with education being one of the important pillars of their socio-economic development initiatives.

Nooitgedacht, the smallest working farm within the Dutoit stable, had an existing day care centre but with its growth over the last years, there was a need identified to build a larger facility to accommodate more children, as well as provide an after care facility for both younger and older school learners.

After two years of planning, "Die Herbergie", was officially opened on 24 November, the result of an extensive hall renovation which features the day care and aftercare facility as well as a kitchen to ensure the provision of

nutritious meals for the children. Another room is being prepped to house a computer room in the future.

Nooitgedacht in the Koue Bokkeveld, sees 430 permanent workers as well as seasonal workers who underpin the core of the business, caring for, harvesting and packing apples, pears and cherries for the Dutoit Group, which this year celebrates 130 years as a leader in South African agriculture. Nooitgedacht is an important producer for the group and boasts some of the oldest commercial cherry trees in South Africa.

Cherry Time sales and the Dutoit Group as a whole, as well as the Waitrose Foundation, Boland Builders and Link Freight and Logistics all contributed to make this new facility possible. Die Herbergie offers parents a safe and educational space for the little ones in the morning and afternoons, as well as a space for the older children to spend after their school day nearby. It also provides an ideal space for the children to play during cold and rainy weather.



"For Dutoit, our people are our biggest asset and priority. It is because of their hard work and dedication that quality products reach our customers. We couldn't be prouder to officially open this facility to care for their children, while they care for our produce, and to give these children a great foundation for their future" says Willem Coetzee, CEO of Dutoit Agri. "Parents are now able to go to work, knowing that their children are safe and being provided for".

Staff at the facility include teachers and a medical officer, who also provides healthcare to the workers on the farm with a clinic that is available to them twice a month. Given that December is one of the busiest harvesting times, Die Herbergie will remain open and provide meals, care and activities to children throughout the school holidays.

"Children and their education are of critical importance to our business as they are not only the generation of our ancestors, but also the children of our current generation. Our people should be able to work happily and without worry, knowing that their children are in good hands," Coetzee says.

CRISPY 

Landbouwerker-wenner: 'Landbou is harde werk'

"Harde werk en deursettingsvermoe is die wenresep om die landbousektor suksesvol te betree."

Só het Vivian (Joggel) Jakobs, plaaswerker van Witzenberg, aan Landbou.com gesê nadat hy op 'n glansgeleentheid op Stellenbosch as landbouwerker van die jaar vir 2023 aangewys is. Hierdie jaarlikse departementele geleentheid, met die Shoprite-groep as hoofborg, is gerig om erkenning te gee aan die bydrae wat landbouwerkers tot die volhoubaarheid en groei van die landbousektor in die Wes-Kaap lewer.

Altesaam het eenduisend sewe-en-sestig landbouwerkers uit 15 verskillende streke aan die kompetisie deelgeneem. Die streekweners van elke kategorie het deurgegaan na die provinsiale vlak, waar hulle meegeding het om die provinsiale kategorie-toekenning te wen, asook die gesogte titel van die algehele wenner, naamlik die Wes-Kaapse Prestige Agri Werker van die Jaar 2023.

Die streekswenners is: Lekgotla Mabombo (**Bergrivier**); Bernard Louw (**Breedevallei**); Tashwill Toto (**Sentraal Karoo**); Lance du Toit (**Elgin, Grabouw, Vyeboom en Villiersdorp**); Simon Zeeman (**Franschhoek**); Ntombifuthi Mphetshwa (**Garden Route**); Thomas Oosthuizen (**Klein Karoo**); Mabonele Molefi (**Hexvallei**); Jacobus Fredericks (**Langeberg**); Hermiena Hendricks (**Piket-Bo-Berg**); Priscilla Hektor (**Olifantsrivier**); Dirk Joubert (**Overberg**); Ronald Jordaan (**Stellenbosch**); Marlon Coert (**Swartland**) en Vivian Jakobs (**Witzenberg**).

Stephen Satiravandie Breedevallei-streek is erken as die landbouwerker wat die beste potensiaal in vanjaar se kompetisie getoon het. Die Franschhoek-streek is ook aangewys as die streek wat die beste presteer vir vanjaar se kompetisie.

**DUTOIT**

Dutoit Agri (Edms) Bpk
Posbus 236
Ceres 6635
Suid-Afrika
Tel: + 27 (0) 23 3123136
Faks: + 27 (0) 23 3161229
Epos: dutoitgroup@dutoit.com

moenie toelaat dat jou
"struggles" jou bepaal
nie, laat dit eerder 'n bron
van **INSPIRASIE**
wees.

Dutoit Agri (Edms) Bpk. Reg nr: 1984/003173/07
Direkteur: WAS Coetzee (Hoof Uitvoerende Beampte), MF Conradie, Gysbert du Toit, JLB du Toit Jr, PSF du Toit Jr, JO Grobler, DM Havenga,
MJ Kleinsmit, JF Kotze
Sekretaris: MJ Kleinsmit



Visser, 'n bestuurder by Dutoit Agri, en sy vrou, Ilze. Jacques het Jakobs in 2000 by die maatskappy aangestel as 'n gewone plaaswerker en was in 2003 bevorder as bestuurder. "Joggel is 'n mens wat ferm is. Hy is streng, maar ook reverdig. Hy is ook baie geliefd in die gemeenskap," sê Jacques.

Rol van landbou

Dr. Ivan Meyer, Wes-Kaapse minister van landbou, het op die geleentheid gesê dat die Prestige Agri-toekenningskompetisie stel die uitstekende werk van die landbousektor in die provinsie ten toon. Dit gee ook erkenning aan die arbeidsmag en moedig werkers aan om nuwe vaardighede aan te leer.

Hy het gesê landbouwerkers speel 'n belangrike rol in die ekonomie van die Wes-Kaap. Bykans 17% van almal wat tans in die Wes-Kaap werk, werk in die landbousektor. "Ek beskou hierdie kompetisie as belangrik omdat dit behoorlike erkenning bied aan die hardwerkende landbouwerkers wat hierdie sektor se groei ondersteun. En dus is 'n belegging in landbouwerkers 'n belegging in die toekoms van boerdery."

Pieter van Zyl, hoofbestuurder van verkryging by Shoprite, het gese dat landbouwerkers sorg dat die Shoprite se winkelrakke elke dag vol kos is. "Ons is ook baie dankbaar vir die geleentheid om terug te kan gee aan die landbougemeenskap wat ons deur die jare ondersteun het. Ons is almal betrokke by die landbouwerkerskompetisie vir die liefde en passie van landbou, want ons speel almal 'n kardinale rol in voedselsekerheid nie net in die Wes-Kaap nie, maar in die hele Suid-Afrika."

Wimpie Paulse, voorsitter van die Wes-Kaapse Prestige Agri-werkersforum en 2012 se landbouwerker van die jaar, het gesê: "Ek is passievol oor plaaswerkers en die hele landbousektor, en dié viering van hul prestasies laat my met 'n sterk gevoel van dankbaarheid."



Jakobs het die toekenning vir die kategorie middelbestuur ook losgeslaan. "Hierdie kompetisie was vir my 'n uitstaande reis. Vir al die boere, landbouwerkers en verteenwoordigers van die verskillende streke, ons is een. Ons hoofdoel is om te verseker dat die man op straat die beste moontlike produkte op hul tafel kry. Ons moet verseker dat daar vandag, môre en die dae daarna kos is. Laat ons alles inspan om dit te verseker," het Jakobs gesê.

'Hart vir mense'

Jakobs het in 2000 vir sy eerste opleidingskursus in die landbou by die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum (KBO) ingeskryf. "Hy het 'n hart om te boer, maar ek het daardie dag gesien hy het 'n hart vir die mense en ons weet dat 'n boer kan nie sonder die mense nie. Dit is wat vir my uitgestaan het van Joggel," het Edna Ngrini van die KBO gesê.

Volgens Jakobs het twee mense 'n beduidende rol in sy lewe gespeel: Jacques

DUTOIT GROENTE

Fruit Attraction 2023 gets off to a great start

Pieter du Toit & Vincent Hewitt attended the opening of Fruit Attraction 2023 in Madrid on 3 October and the number of stand-holders and visitors are said to be up on last year. The second day is traditionally the busiest, but stand-holders were pleased with visitor numbers on the opening day. The fair organization also announced its plans to start a Brazilian version of the fair in April 2024.

There have been less innovations on show as traders have concentrated on their core products which are extensive, although intense commercial activity was widely experienced during the day.

There is no shortage of trends in sustainable, recyclable and eco-friendly packaging. For instance, compostable films and heat-sealable paper are in great demand.

Albert van Zyl

Albert van Zyl, seun van Abrie van Zyl is tydens die gradeplegtigheid op Elsenburg aangewys as die Dux leerling vir Diploma studente. Hier staan hy by die trotse Abrie en Jacoline. Ons wens hom die beste toe vir 'n mooi loopbaan in die Agribedryf.



DUTOIT TEGNIES

Woolworths: Supplier Day.

Kortliks 'n opsomming van die "Woolworths Supplier Day" wat ek op die 14de November bygewoon het.

Die dag was afgeskop met die impakte en reaksies a.g.v. Klimaatverandering:

Hitte golwe – Meer gereelde hitte golwe kan verwag word. Waterskaarsheid is 'n bekommernis vir die toekoms. Voedselveiligheid gaan onderdruk word deur klimaatverandering. Meer vloede naby lae geleë see areas sal voorkom.





Daar is genoem dat die aantal warm dae (bo 32' (alt 0176) sal styg, op die oomblik is dit 2 dae en daar word voorspel dat dit tot 7 dae sal styg. Al wat dit sê, is dat ons meer hitte gaan ondervind. Koue-eenhede gaan verminder. Daar is genoem dat meer geharde gewasse in die toekoms geplant moet word of meer geharde kultivars wat die ekstreme toestande beter kan hanteer.

Landbou dra 30% tot die totale "Greenhouse Emissions" by. Die eerste praatjie het geëindig met hoe ons water meer effektief moet gebruik. Byvoorbeeld om gedeeltelike behandelde water te gebruik vir die skoonmaak / afspuit van toerusting i.p.v skoon water.

Landbou moet meer opbouend raak en minder prosesse gebruik wat lei tot die afbreek van die omgewing. Meer effektiewe water gebruik, verminder die hoeveelheid hektare wat benodig word om produk te produseer; beskerm en herstel gronde en natuurlike habitatte.

Die res van die dag was opgevolg met aanbiedings rondom volhoubaarheid; "Farming for the Future"; "Integrated Pest Management";

Kompostering en 'n interessante aanbieding rondom bye.

Daar is genoem dat daar beoog word om "Net Zero Carbon" teen 2050 te wees.

Dit is uiters belangrik dat volhoubaarheid deel vorm van die besigheid en nie slegs 'n "add on" nie.

"Farming for the Future"

- Hoe langer daar gewag word om op te tree, hoe groter word die probleem.
- Gaan 'n normaliteit begin raak met alle besoeke om ons vordering te monitor.
- Koolstofbelasting op die plaas is oppad.
- "Farming for the Future" kan in die nabye toekoms gebruik word as "Risk Assessment".
- Die druk op die gebruik van plaagdoders gaan al hoe groter word.
- Weet ons as 'n besigheid wat pakhuis toe kom en wat daarvan word gepak? Wat is ons "waste"? Watter besluite neem ons as 'n besigheid?
- Wat doen ons met ons grys water? Wat is volume grys water?
- Suid-Afrika is die 38ste droogste land in die wêreld - Deel positiewe stories waar ons afval verminder en terselfde tyd minder anorganiese

bemesting gebruik.

- Volgens Woolworths gaan Sherpa oor 2 jaar vol aan die gang wees.

Bee-Tech Groep

- Interessante praatjie gewees rakend die gebruik van bye om verspreiding van siektes te beperk.

- Bye word deur 'n swamdoder beweeg en bestuif dan die blomme sonder om siektes soos Botrytis oor te dra.

Dutoit as 'n besigheid moet al die positiewe praktyke/stories wat ons wel doen verkondig en een van die drywers wees van volhoubare boerdery wees. Ons moet ons stories vertel, die kliënte en verbruikers hou daarvan.

Rudolph Cronje

DUTOIT BEMARKING



DECK THE HALLS WITH CHERRY DELIGHTS

Nothing says festive season like the smell of freshly baked buttery cookies dripping in delicious cherry jam. These Linzer cookies are based on the classic Viennese Linzer torte, with a shortbread-like texture and nutty flavour from finely ground almonds. Bursting with the festive joy of Cherry Time™, these Christmas-inspired Linzer Cookies, are here to create unforgettable memories.



INGREDIENTS:

LINZER COOKIES

300g flour
80g ground almonds
1/2 tsp baking powder
115g unsalted butter (softened)
140g caster sugar
1 egg (room temperature)
2 tsp vanilla extract
2 tbsp icing sugar

CHERRY JAM

300-400g Cherry Time™ cherries (pitted and halved)
250g sugar
Juice from 1 lemon

METHOD:

Beat butter and sugar until fluffy. Add egg and vanilla extract; beat until combined. Mix dry ingredients into wet ingredients until well combined. Divide and chill dough for 2 hours. Make Cherry Jam: Simmer cherries, sugar, and lemon juice until thick; cool in a jar. Preheat oven to 180°C and line baking trays. Cut cookies with chosen cookie cutters, ensuring half has a smaller hole. Bake for 10-12 minutes, then cool on trays for 5 minutes before transferring to a rack. Dust the tops of cookies with icing sugar. Assemble by spreading a tsp of cherry jam on the bottom cookie and sandwiching with the top cookie.





Credit: #ThePrettyBlog

NOOITGEDECHT OPENS NEW DAYCARE AND AFTERCARE FACILITY

Looking after our most cherished workers and their family members has always been a priority for us, as is education and social development. Thanks to the proceeds from Cherry Time™ sales, as well as the Dutoit Group and other contributors, a new daycare and aftercare facility has been opened on our Nooitgedacht farm, to care for the children of the dedicated people who work on our farms, and who nurture our produce with such care.

Prior to the opening of the now named “Die Herbergie”, there was an existing creche on the farm to care for younger children. This new school now offers parents a safe and educational space for the little ones in the morning and afternoons, as well as a space for the older children to spend after their school day nearby.

The facility, which officially opened on 24 November, has been renovated from an existing hall and features the day care and aftercare facility as well kitchen to ensure the provision of nutritious meals for the children. Another room is being prepped to house a computer room in the future.

Nooitgedacht is a special place for Cherry Time™, having some of the oldest commercial cherry trees in South Africa. We couldn't be prouder to add this special edition to the farm



THE CHERRIES ON TOP AT ORANJEZICHT MARKET

The juiciest of celebrations was held the recent Cherry Feast 2023 at the OZCF Market in Cape Town – a celebration of all things cherry!

Traders were tasked with creating Cherry Time™-inspired delicacies, with a panel of discerning judges having the delightful task of tasting 36 delectable dishes and awarding the best of the best.



Hugest congratulations to the following winners:
Winners of the Judges' Award:

@jasonbakerycpt's, Cherry Pithivier and Cherry Clafoutis Danish

In the Sweet Category:

@nicholas_koursaris_ceramics wowed with a Cherry Mille Feuille paired with Amaretto Creme Patissiere.

@ammas_creamery amazed with their Black Forest Cheesecake and plant-based Cherry Cannoli.





Bring a touch of nature and beauty to the holiday season by experimenting with different flower varieties, colours, and designs. As Nicole says, this is such a calming and joyful pastime, so have fun, enjoy your outdoor spaces and breathe in the fresh air!



In the Savoury Category:

@frankiefennermeatmerchants stunned with their Cherry & Bourbon Sausage, Savoury Cherry Stuffed Smoked Gammon Shoulder, and Savoury Cherry Brisket Jam Burger. @mediterraneansamoosas impressed with the Cherry & Pulled Gammon Samoosa.

For Beverages:

@legadocoffee's Cherry Frappe and @staygolden's Cherry Chocolate Chai tantalized taste buds.

CHERRY FUN FOR THE HOLIDAYS

BLOSSOM FLOWER POWER WITH VELT:

Add a personal touch to your holiday greetings and gifts by getting creative with nature with pressed flowers. Nicola Andrag is the owner and founder of VELT Designs, and has been pressing and preserving plants and capturing them in a modern way since 2017, resulting in an exquisite collection of VELT's botanical wall hangings. As a friend of Cherry Time™ Nicola has shares a step-by-step guide on how to press and preserve plants and flowers in a blog [here](#).

Pressed flowers can be used to make personalised Christmas or birthday cards or tags, or as festive table decorations. Think pressed flower table confetti, mini flower wreaths and place cards. You can even create gifts by making pressed flower ornaments or using flowers on candles or stationary.

CREATE AN ABUNDANT AL FRESCO TABLE: CHERISH EVERY MOMENT WITH CHERRY TIME!

This time of year is about gathering and celebration and what better way to honour those you cherish than with an al fresco dinner in the garden. I've been wanting to host a dinner with a tablescape full of florals, fruit and candles and the opening of @sweet_cherrytime season meant the time was ripe. Misha Levin, a photographer and content creator has given us some top tips on creating the perfect table setting.

"I adorned the table with wild flowers from @FemmePetale, crafting a lavish centerpiece. Tying ribbons around tapered candles added an elegant touch, creating exquisite illuminated sculptures. @Lumierre's Blossom & Blush travel tins not only added floral fragrance but also cast a beautiful glow. And for that extra

touch, custom embroidered linen napkins from @thepalmarcollection featuring red cherries became delightful accents. @sweet_cherrytime's cherries are not only bursting with flavor but also serve as perfect host gifts and stunning table decor for a festive Christmas ambiance."



CHE-ERRY CHRISTMAS MAGIC - FESTIVE WRAPPING!

Let's celebrate the sweetness of cherries and wish you a happy, sweet and cherry filled festive season ahead! Thank you to the @theprettyblog team who shared this cute idea! How to create a fun and festive cherry wrapping? Start with pink wrapping paper and wrap your gift. Glue on your red pom poms as cherries. Attach green leaf cutouts and draw in your charming stem detail Complete the package with a thoughtful card and voila, your delightful gift is ready to bring joy.

A MESSAGE OF THANKS TO OUR CHERRIFIC CUSTOMERS

As yet another successful cherry season draws to a close, we want to take this opportunity to express our gratitude to you, our loyal customers. Your support has been the driving force behind our commitment to deliver the finest, juiciest cherries straight from our farms to your table, and to add more flavour and colour to your festive celebrations.

Wishing you all a safe and memorable holiday season spent with those you cherish most.

Our social platforms to follow
Instagram: @sweet_cherrytime
Facebook: @SweetCherryTime



CREATE AN ABUNDANT AL FRESCO TABLE



Cherish

EVERY MOMENT WITH CHERRY TIME™!



05 ALG





EMEEN



GESONDHEIDS- WERKERS

Paardekloof Bloedskenk

Paardekloof het op die 26ste Oktober 'n Bloedskenk Kliniek in samewerking met die Wes Kaapse Bloeddiens gehou. Die veldtog was 'n eerste vir ons, maar goeie ondersteuning was ontvang.



Volgens die WCBS was dit 'n baie goeie Kliniek en gaan hulle die diens elke 2de maand na die plaas toe bring. In die verlede het ons elke tweede maand na Ceres Stadsaal gery om te gaan skenk. Nou is dit nie meer nodig nie, want dit is nou op ons voorstoep. Ons was 'n bussie vol, nou is ons met die wegtrek 38 en hoop dit gaan net verbeter.

Om bloed te skenk, gee iemand wat hopeloos is nuwe hoop en kan lewens red. Die WCBS het 'n leuse "Not all Heroes Wear Caps." Gewoonlik is dit die mense wat in die stilte heldedade doen, wie die werklike helde is. So as jy vandag 'n goeie daad wil doen, gaan skenk bloed en wees verseker jy red iemand se lewe.



Die diens word elke eerste Donderdag van elke nuwe maand in Ceres se Stadsaal aangebied. Met die feestyd wat aankom, wil ek graag 'n beroep op ons mense doen om asseblief iets besonders te doen en te gaan skenk. Die WCBS het ons hulp nodig om bystand te verleen, waneer die nood in ons Hospitale aangespreek moet word. Boonop weet ons nooit waneer ons aan hulle deur moet gaan klop vir bystand nie.

In die vorige uitgawe was daar baie klem gele op die feit dat ons mekaar nodig het. Kom ons doen ons deel. Al weet ons nie altyd teenoor wie nie, maar ons weet verseker dat dit die regte ding is/was om te doen.

Sophia de Bruin

BEWAARSKOLE & SKOLE

Goedgedink Bewaarskool - Tandfontein

"GAAN GROEN"

Vroeër die jaar op die tema "GAAN GROEN" het Goedgedink Nasorg besluit om Tandfontein se onbewoonde areas skoon te maak en vullis op te tel. Daar was besluit om die skoliere

later die jaar te neem vir 'n opvoedkundige uitstappie met begeleiding van Bestuurder (Sarietta Oberholster) & Prinsipaal (Suerelda de Klerk).

Hulle is vervoer vanaf Tandfontein in die Koue Bokkeveld op 17 Oktober na Ceres waar hulle verwelkom is deur die Togryers Museum. Die skoliere was op n Geskiedkundige uitstappie deur die dorp geneem.

Renshi Andries Douglas & Sempai Ezelle Louw het die skoliere kom toespreek oor dwelm- & drank misbruik so ook 'n Vlak 1 Selfverdedigings kursus vir 30 Skoliere. Direk na die praatjie was hulle vergesel na die gebou waar hulle Jaffels aan Werklose & Minderbevoorregtes uitgedeel het.

Baie dankie vir die geleentheid en dat jul ons op die wyse kan help om n verskil te maak in die Gemeenskap.

Sarietta Oberholster





Woelwaters Dag & Nasorg - Paardekoof

Paardekloof Bewaarskool het die 30ste September 'n Afrika aand gehou wat beskryf word as 'n prentjie wat uit 'n modetydskrif kom. Mnr Gerrit Kortie was die seremoniemeester en het vir Ansie van der Westhuizen en haar span gelukgewens met 'n suksesvolle aand.

Die doel van die aand was om die verskillende kulture aan die ouers voor te stel. Daar was verskillende kosse voorberei. Volgens die Afrikakultuur berei die mense kosse met drie of vyf of selfs sewe kleure voor. Die bord kos wat hulle bedien het was baie kleurvol en het bestaan uit beetslaai, spinasie, hoender, patat, bone, stampmielies, butternut en skorsie. Om die spyskaart af te sluit, was daar natuurlik poeding ook.

Daar was verskeie aktiwiteite, maar die danse het die mense die meeste geniet. Na 'n heerlike aand het 'n groep mense van alle kleur saam gestaan en die volkslied gesing. 'n Trotse oomblik.



Boeresportdag

Die Goedgedink Bewaarskool & Nasorg Sentrum, het op 18 November 2023 'n Boeresportdag gehou. Daar was verskeie items waarin die kinders deelgeneem het soos sak resies, kruip, kruiwastoot, kleurbal sorter, skopfiets resies, stilts, boontjiesak resies, eier wedloop, abba.

Die ouers was ook betrokke by die dag se program. Kunje Boerdery was genooi om deel te neem aan die dag.

Borge: Kaap Agri (Nuwedorp) & Sasko (Worcester)



Koue Bokkeveld Vroeër Kinderontwikkelings Forum Werking & Sportdag

Die doel van die Forum is om die ondersteuning van alle betrokkenes in die Koue Bokkeveld Vroeër Kinderontwikkelings Forum te mobiliseer, om as 'n kommunikasie middelpunt te dien vanwaar alle lede inligting & ondersteuning kan kry soos nodig, om opleidingsprogramme en werksinkels vir die fasiliteite se personeel; asook komiteede te inisieer en te fasiliteer in samewerking met ander NRO's, om die belangrikheid van vroeër kinderontwikkeling te

beklemtoon en te bevorder en om die sentrums se personeel te motiveer en aan te moedig om in dienslewering uit te blink



Die forum hou jaarliks 'n Sportdag wat intern by elke fasiliteit plaasvind. Met die hulp van HealthNutz wat 'n inisiatief van die Sportwetenskapsinstituut se gemeenskap-programme is, stel ons vir beide die Dagsorg & Nasorg leerders 'n lekker program op met aktiwiteite wat die voordeel van beweging in die ontwikkeling van jonger kinders se klein- en groot motoriese vaardighede uitwys. Dit is elke jaar 'n hoogtepunt op die Forum se kalender.
Lenchen Visser



Kromlin Primer

Kromlin Primer het hierdie jaar deelgeneem aan die Paarl Eisteddfod. Ons skool is baie, baie trots met die leerders se uitmuntende prestasies. Dit was ons eerste keer wat ons as skool deelgeneem het en ons kon 'n gemiddeld van 80% behaal. 24 leerders het deelgeneem.

2- Silver
1-Silver+
8-Goud
10-Goud+
3-Cum Laude




Saterdag 14 Oktober 2023 het Kromlin hul jaarlikse Sportdag gehou met skole Paardekloof Primêr en Skurweberg Sekondêr wat deelname in die dag se sukses kon hê. Die opkoms was uitstekend en ons kinders en ouers het die dag gate uit geniet.



Tennis Girls

Laerskool Gericke en Laerskool Swartland het gister, 30 Okt tennis teen mekaar gespeel. Soos wat die girls begin gesels het, het ek en n ander ma besef dat ons girls (en ons ook!) mekaar al "ontmoet" het toe hulle beide babas was. Die dogtertjie links is Elmi Raal, dogter van Johan en Elske Raal wat op Skaapkraal werk. Hulle het in ons huis op Skaapkraal ingetrek toe ons Ceres/ Hamlet toe getrek het.

Nica du Toit



SPORT



Bok-Gees

Ons het gedurende die Rugby wereldbeker alle afdelings uitgedaag om elke Vrydag hulle ondersteuning vir die Springbokke met ons te deel. Landgoedere, Pakhuise, kantore - almal het bymekaar gekom en gedeel in die gees! Daar was elke week wenner aangekondig.

Baie dankie aan almal wat deel was van die gees!



LESSE VAN DIE SPRINGBOKSPAN

Op 28 Oktober 2023 om 21:00 het elkeen van ons na die televisiestel gekyk om die afkop van die finale van die Rugby Wêreldbeker te sien. Na die wedstryd het die Vreugdevure hoog

gebrand toe Suid-Afrika vir Nieu Zeeland 12-11 gewen het. Hierdie resultaat het ons land se mense weer almal nader aan mekaar laat voel en baie laat vergeet van die daaglikse uitdagings waarmee elkeen worstel.

Uit die opmars na die wen is daar belangrike lesse vir spanne waaruit ons kan leer. Hierdie lesse is op elkeen van ons van toepassing aangesien ons almal in spanne funksioneer. By die werk, gemeenskap of huis. Wat is hierdie lesse?

Hoë prestasie spanne word gevorm om 'n duidelike doel wat hulle wil bereik. Die Springbokke se doelwit was om die beker te wen op so 'n wyse dat hulle vir die wêreld kon wys Suid-Afrika is "Stronger Together".

Die uitvoering van strategie is 'n sterk eienskap van enige suksesvolle span. Al raak dinge moeilik, moet 'n goeie span glo in hulle strategie en dit uitvoer.



Hoëprestasie spanne ontwikkel oor tyd. Spanlede doen moeite om mekaar te vertrou en voortdurend roluiklaring te doen. Hoë prestasie spanne kan druk hanteer aangesien hulle vashou aan 'n oorkoepelende doelwit. Hierdie druk word dan gesien as deel van die voorreg om hierdie oorkoepelende doelwit na te streef.

Spanlid rotasie. Hoë prestasie spanne maak erns van opvolgbeplanning. Dit verseker dat wanneer iemand moeg raak of ondersteuning nodig het daar nog spanlede is wat die nodige ondersteuning kan gee.



Dit is baie moeilik om enigsins te presteer as daar nie vertroue is nie. Vertroue tussen spanlede asook tussen spanlede en die afrigters is krities vir sukses. Vertroue vorm die basis om die beste uit mekaar te bring.

Hoëprestasie spanne floreer op duidelike kommunikasie. Eerlike opbouende kommunikasie is nodig om die regte inligting te kan oordra.

"Celebrate". Hoëprestasie spanne maak 'n punt daarvan om suksesse te vier en almal wat daarby betrokke is te betrek. Die spanwerk eindig nie by bereiking van die doelwit nie maar by die vier van die sukses.

Roluitklaring is 'n voorvereiste vir 'n suksesvolle span. Elke spanlid moet presies weet wat van hom/haar verwag word. Ander spanlede moet ook weet wat van mekaar verwag word. Sodoende kan spanlede op mekaar staatmaak aangesien hulle weet wat om van mekaar te verwag.

Hoëprestasie spanne benodig die regte talent. Die regte talent word benodig in spesifieke posisies in die span sowel as die regte kombinasies van talent. In besigheid spanne is dit nodige om ook oor die regte kombinasies van individue te beskik.



Terwyl die wen nog vars in ons geheue is, benodig ons spanne in Suid-Afrika, binne Dutoit en alle ander gebiede om hierdie leerpunte te begin toepas.

Kom ons elkeen in Dutoit verbind onself tot:
"Stronger Together"
Jacques Matthee





Sokker

Baie geluk aan Tandfontein wat as kampioene van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum se sokkertoernooi gekroon is! Hulle het vir Kromfontein 1-0 in die eindronde geklop.

Naasweners, Kromfontein, het ook 'n baie goeie toernooi gehad.



Michell's Pas 10km Wedloop Paardekloof

Die oggend van die 28ste Oktober het die Paardekloof span deelgeneem aan die Mitchells Pas 10km. Ons het 63 Paardekloof-lede ingeskryf en ons het baie goed gevaar. Die dames het eerste gekom uit al die plaaspanne en die mans het 2de gekom.



Dit bly vir ons 'n groot gebeurtenis elke jaar. Dit is vir ons belangrik dat die deelname en die gees saam gaan. Ons jongste inskrywing wat deel geneem het was 11jaar oud en die oudste was 60jaar oud. Dit wys "age is only a number". Ons sien uit na volgende jaar!




Nooitgedacht

Elf van Nooitgedacht se werknemers het in vanjaar se Michell's Pas 10km wedloop deelgeneem wat op Saterdag 28 Oktober plaasgevind het. Ons atlete het goed gevaar uit 'n totaal van 475 atlete wat deelgeneem het. Hier volg van ons uitslae:



Plek behaal uit 475 atlete:
21st, Simbongile Ngcephe
29st, Siphamandia Mtebhele
54st, Sebenzile Nyhaba
75st, Zuwelinkosi Mayephu
82st, Derrick Opperman
163st, Johan Visser





1st, Bernard Hofmeyr, Paardekloof
 2de, Wynand Crous, Rosenhof
 3de, Mynhardt Botes, Nooitgedacht
 4de, Jaco van Zyl, Boland Organies
 6de, Rory Engelbrecht, Dutoit Vrugte
 7de, Michael Dark, Paardekloof



Naaste aan die pen, Annelette Hugo, Viking
 Langste dryf, Sean Sampson, 11&1

Laerskool Gerick Cherry Time Atletiekbyeenkoms 2023

Laerskool Gericke was weereens bevoorreg om op 15 November 2023 ons jaarlikse Cherry Time Atletiekbyeenkoms aan te bied. Altesaam 7 skole het aan hierdie byeenkoms deelgeneem om die atletiekseisoen op 'n hoë noot af te sluit.

Met ons ons vallei se pragtige berge in die agtergrond, kersies wat soos soetkoek verkoop en met hope talent van oud en jonk, was die byeenkoms weereens 'n groot sukses.

Gericke is bevoorreg om saam met die gemeenskap en Dutoit Agri 'n geleentheid te bied waar atlete, van ons eie vallei en van ver, met hul talente kan spog.

Maria-Lize Visser



Du Toit Gholfdag 2023

Dutoit het sy 33ste Gholfdag op 21 Oktober 2023 gehou. Die veld was vol, die weer was perfek, dit was n ongelooflike dag. Daar was 15 Dutoit spelers met heelwat vennote (verskaffers en kliënte).



ALGEMEEN

PWK Lede-Sessies: Voorsorgfonds en Begrafnisfonds

We Cherr-ish our employees

Sedert Covid-19 het baie dinge verander, onder andere maak ons makliker gebruik van “elektroniese media” vir vergaderings en somtyds mis ons daardie direkte kontak met ons kliënte. Dit sluit ook ons kollegas in wat in die boorde en pakhuis werk.

In September het ons ledesessies op die Landgoedere in die Wes-Kaap aangebied as deel van 'n uitreik projek oor 12 maande. Wat 'n lekkerte om met hulle te gesels en te sien hoe waardeer ons werknemers die inligting wat aan hulle bedien word.

Die voordeel om te spaar vir aftrede, om gedek te wees met ongeskiktheid of dood is nou dalk 'n ontasbare voordeel, maar indien ons dieper daarna kyk, is dit 'n voordeel omdat die werkgewer vir sy werknemers omgee. Die Dutoit werkgewergroep maak die administrasie van hierdie dienste beskikbaar omdat dit belangrik is dat al ons werknemers toegang het tot basiese gemoedsrus ten tye van persoonlike nood.

Graag deel ons hiermee werknemer- en lidgetalle waar die administrasie van voordele in ons kantoor geskied:

Werknemers	Werknemer Getalle Hoog- seisoen	Voorsorgfonds lede	Begrafnisdekking (ingesluit familie)
Loon werknemers:			
Dutoit Agri	7 913	2 654	10 222
Filiaal Maatskappye	845	215	625
Salaris werknemers:			
Dutoit Agri	254	234	441
Filiaal Maatskappye	57	34	64

Agri's got Talent

Ons is bevoorreg dat Rayline Booysen in 2015 in die top 3 van die Agri's Got Talent kompetisie was. Sy het tree weer tydens die 18de November 2023 se vertoning opgetree. Dit is ongelooflike prestasie om deel te kan wees van hierdie vertoning.



Toewydingsamekoms

Goeie dag alle Dutoit maandeliks besoldigde personeel.

Ons is opgewonde om die elkeen uit te nooi na die 2024 oes toewyding geleentheid. Ons nooi alle maandeliks besoldigde personeel na hierdie geleentheid uit. Dit is nie verpligtend nie en absoluut vrywillig. Om logistieke redes kan ons nie alle personeel van Dutoit Agri uitnooi nie.

Hiermee wil ons graag die finale reëlings tref rakende die 2024 oes toewyding geleentheid. Dit is die geleentheid waarvoor ons verlede week 'n "save the date" gestuur het.

Die doel van die geleentheid is om die oes tot op datum sowel as die toekomstige oes aan die Here op te dra. Daar sal 'n boodskap gelewer word en lofliedere gesing word tydens die geleentheid.



Wêreld MIV-dag

Sedert 1 Desember 1988 word wêreld HIV-dag elke jaar gevier. Die doel agter die dag is bewusmaking van die HIV en om mense aan te moedig om hulle te laat toets. In 1988 was HIV/Vigs nog 'n vreesaanjaende pandemie waarvoor daar nie raad was nie. Gelukkig het die mediese wetenskap sedertdien goed gevorder met die daarstel van anti-retro-virale middels, wat, indien dit elke dag word, mense gesond kan hou en hulle lewens verleng.

Die impak van HIV/Vigs op ons werkers is vir Dutoit van groot belang. Die jaar waarin ek by Dutoit begin werk het, was 2003. Een van die eerste dinge wat ek daardie jaar bygewoon het, was 'n HIV/Vigsprogram op Lindeshof, aangebied deur People Management. 'n Groep van 20 vrywillige werkers is geselekteer om die week-lange opleiding by te woon. Die fokus was op portuurgroep opleiding en beïnvloeding, wie se rol daarna sou wees om bewuswording op die Landgoed te kweek en ook inligting oor 'n gesonde leefstyl te versprei. Die tema van die week was:

KNOW YOUR STATUS.

Die uitgangspunt is dat, indien jy jou HIV-status ken, jy pro-aktief kan optree om te verhoed dat jy verder siek word.

Die week was dan ook afgesluit met 'n vrywillige toetsingsveldtog en 'n groot funksie in die Lindeshof pakstoor op 1 Desember, waartydens daar sprekers was en almal 'n kers aangesteek het om die LIG van kennis te simboliseer, en meegevoel te hê met hulle wat reeds aan die siekte gesterf het.



Sedert daardie tyd het ons 'n lang pad gekom met die ontwikkeling van die wetenskap, benaderings wat gevolg word en jaarlikse bewusmaking. Ons het gesondheidswerkers in klinieke gevestig en hulle is in 2022 opgelei om HIV toetsing sowel as berading te kan doen.

Vanjaar het die klinieke weer hulle kant gebring met bewusmaking op 1 Desember. Die suster en gesondheidswerkers het almal rooi aangetrek en 'n bewusmakingsveldtog gehou. Die tema vir vanjaar was: LET COMMUNITIES LEAD.



OM TE WEET:

Die spreuk wat die Departement Gesondheid gebruik is: UNDETECTABLE EQUALS UNTRANSMITTABLE. Dit beteken kortliks dat 'n HIV geïnfekteerde persoon wat sy ART's daaglik neem en sodoende die hoeveelheid HIV in sy bloed tot lae vlakke kan bring en handaaf, ook nie die virus aan ander persone kan oordra nie. Moeders op ART's met 'n lae viruslading, verseker ook so dat baba's HIV-negatief gebore word. Die geheim is natuurlik die gereelde gebruik van die ARV's.

Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste besmettingskoerse ter wêreld. Ons het egter ook een van die grootste ARV programme ter wêreld.

Dit is moeilik om die eksakte koers van HIV-positiewiteit te bepaal, maar in 2017 is die getal geskat op 12.6% van die bevolking, wat op daardie stadium 7.06 miljoen mense beteken het. Die skatting is dat dit vandag 7.8 miljoen mense kan wees

Die regering se program ter voorkoming van MIV behels die volgende:

Anti-retro-virale behandeling

Manlike besnyding

Voorkoming van moeder-kind oordrag tydens geboorte

MIV en VIGS beradings en toetsings veldtogte.

THE MESSAGE OF DUTOIT TO EMPLOYEES:

It is important to know your status, so that you can get treatment as soon as possible! Please go to your nearest clinic and request a test if you have not done so yet. Our Health care workers and sisters are equipped to help you with advice and information.

Once you have been put on ARV's, please adhere to your meds and take them as prescribed. This is your personal map to longevity and good health.

If you are a seasonal worker and go back to Sterkspruit, please make sure that you either take your ARV's with you or that your prescription is transferred to the local clinic there. It is essential to keep up with your medication program.

Every HIV-positive employee on Dutoit Farms are monitored regularly at our clinics. We can draw blood and we also hand out the ARV's so that it is not necessary to go sit in the waiting line of the public clinics.

TB and HIV often goes together, so the patient may have both. At our clinics, both TB and HIV are monitored closely.

Our Clinics also provide PrEP services - Pre Exposure Prophylaxis. PrEP is a powerful, safe and highly effective HIV prevention option!

Please make use of the services we offer. It is for your own benefit. We take your health at heart.

Mariette le Roux and Sr Phia Kotze

YearBeyond program 2023

Armanecia Janse en Pamela Ruiters (Lindeshof) het 'n spesiale toekenning ontvang 'GOLD STARS'. Dit word slegs aan 10% van alle YeBoneers (jongmense in die program in Wes-Kaap toegeken). Hulle word gesien as die 'Top Talent'. Hulle CV word ingesluit in final Gold Star Resume Book.


Natalie Mars (Lindeshof) is een van die groep wat die Social Innovation Leadership uitdaging gewen het. Hulle het eerste plek behaal van 258 spanne.

The SILC Challenge (Social Leadership Curriculum Challenge) every year expects Yeboneers to design and present a solution to a social challenge in South Africa. This year they had to design a solution for youth not registering as first-time voters to allow them to participate in local, provincial, and national elections.

Our Team submitted a community-based solution and focused on schools as point of intervention. They suggested an interschool competition ran by youth. Their assignment was completed in six weeks, and they pitched their plan in video format to the judges. The Team comprised of 7 young, unemployed women from six different Waitrose farms in the Koue Bokkeveld (Ceres) who joined the YearBeyond programme in the beginning of 2023. They succeeded in this competition due to effective collaboration and teamwork across farm borders.

The judges were impressed with the research done by the Team and their well thought-through concept of encouraging youth to register as voters by running an interschool competition, organised by the youth themselves. In their comments, the judges also mentioned the scalability of the solution to national level.

The Team members each won prizes to the level of R 1 000 and, more significantly, will present their solution to the IEC (Electoral Commission of SA) for implementation.





06 AANS' & AFT





TELLINGS REDES



AANSTELLINGS



Jolandi Moller – Dutoit Agri IT – Business Central Konsultant



Esmare Els – Dutoit Hout – Admin Beampte



Donovan Otto – Dutoit Vrugte : Verpakking – Passer



Elda Aurret – Dutoit Vrugte : Bemarking – Bemarking Assistent





Robert King – Kromfontein – Internship



Carlien Rossouw – Lindeshof – IT/
Administratiewe Klerk



Feslin Abrahams – Dutoit Vervoer –
Vragmotorbestuurder




Gerrit Galant – Kromfontein – Produksie
Bestuurder

AANSTELLINGS




Nicolaas Pretorius : Oos-Kaap : Misgund PS – Pakhuisbestuurder

Gerald Fritz – Crispy Farming – Produksie Assistent



AFTREDES



Stoffie Baron – Lindeshof



Louisa Basson – Lindeshof



Pietie Viola

Pietie kom 'n baie lang pad saam met Dutoit en het hom onderskei as 'n besondere en nougesette bestuurder by Dutoit Houtnywerheid. Daar is 'n gesegde wat sê: die belangrikste wat jy kan agterlaat (jou legacy), is nie wat jy gedoen het nie, maar hoe jy mense laat voel het. Daarom is dit heel gepas om sy kollegas en medewerkers die laaste woord te laat spreek:

Boodskap vanaf Theunis Thiart:

Oom Pietie,

Wat kan 'n mens nou eintlik sê wat niemand weet nie. Maar ek kan sê die kantoor is stil en ek kan nou die masjiene hoor werk (grappie). Oom Pietie was vir my 'n groot mentor gewees. Dit maak nie saak waarmee ons besig was nie, ek kon altyd leer en leer nou nog by Oom. Toe ek by Dutoit Hout begin het, het ek niks geweet van hout nie. Al hout wat ek geken het, is dié wat ek gebruik het om mee te braai. Oom het my gebrei dat ek 'n liefde vir houtbedryf gekry het en nou is dit in my. Al daai tyd veral na-ure of naweke se oproepe en sê: "kom ry gou saam ons gaan gou iets kyk" was elke keer 'n leersessie oor die plantasies, masjiene en self die laaste tyd met die nette. Dankie vir al die kennis wat oom my geleer het. Enige een kan oom bel en dan is dit iemand wat raad soek of iets soek en net Oom weet waar om te gaan uit krap en dit te vind.

Mag Oom die nuwe avontuur van aftrede geniet en onthou tog om die foon te beantwoord as ek hulp nodig!

Die werkers sê Pietie was baie streng en reguit, maar het ook altyd die beste van 'n saak gemaak. Hy is 'n liefdevolle persoon en ons kon altyd na hom gaan as daar 'n probleem was. Hy was eerlik en opreg en het omgesien na ons werkers se behoeftes. Hy is 'n vaderfiguur, altyd bereid om te luister, raadgewer en staatmaker. Hy was vir hulle 'n mentor. Dit was vir hulle 'n plesier om saam met hom te werk en daarom wens hulle hom baie geluk en vreugde toe met sy aftrede.



Petru Wiese – Oos-Kaap : Apieskraal

Petru Wiese het Maart 1992 by Dutoit Vrugte gearriveer uit die Noord-Kaap en gehelp by die pakmateriaal. Sy passie vir boerdery het uitgestaan en in Junie 1992 word hy aangestel as Produksiebestuurder op Nooitgedacht. Hy was betrokke met die vesting van nuwe aanplantings en het 120 hektaar nuwe boorde help vestig. Petru se oog vir detail en kwaliteit het gehelp om Nooitgedacht te vestig as 'n Landgoed wat uitgestaan het vir die kwaliteit vrugte wat die Landgoed produseer. Die konsep van aantal takke per boom het Petru ook help vestig op die nuwer generasie boorde, 'n konsep wat ons vandag nog gebruik en toepas.

In Junie 2005 verhuis Petru na Waboom waar hy as plaasbestuurder aangestel is. In 2008 word die eerste aanplanting in die Oos-Kaap op Waboom gevestig. Die sukses van hierdie aanplanting het gehelp om verdere aanplantings in die Oos-Kaap te motiveer. Onder Petru se leiding is daar 90 hektaar jongboorde tot in 2017 met sy aftrede. gevestig Dieselfde passie en presisie van Nooitgedacht word dan ook net so toegepas en uitgeleef op Waboom. In hierdie periode mentor en lei hy vir Jaco Nieuwenhuis op as plaasbetuurder by Waboom, om by hom oor te neem.

Vroeë jare was daar suksesvolle boomkwekers in Waboomskraal en met die unieke klimaat het Dutoit en Rosenhof Kwekery grond gehuur om 'n appelkwekery te begin. Die doel was om 'n kwaliteit appelboom te produseer in 'n sagter klimaat en op gronde (virgin soils) waar daar nog nie voorheen bome geproduseer of geplant was nie. Petru het vier seisoene se bome geproduseer en die laaste twee seisoene kon hy werklik spog moet bome van hoogstaande kwaliteit. Gedurende sy tyd op Apieskraal, help Petru die eienaar met sy Protea boerdery en vestig hy homself as uitstaande blomme boer ook.

Ons beste wense vergesel Petru met sy aftrede en bedank hom vir sy uitstaande bydrae as dit kom by die produksie van kwaliteit vrugte en die vestiging van uitstaande jong aanplantings.

Johan Kotze





Joos Basson – Lindeshof

Werkswinkelbestuurders het op 6 Oktober afskeid geneem van Joos Basson wat aftree op Lindeshof na bykans 25 jaar diens. Almal was dit eens dat Joos se jarelange ondervinding en bereidheid om altyd op sy rustige manier hulp te verleen, baie gemis sal word deur die Werkswinkel Bestuurders.



ONS GROET BESTUUR



Huldeblyk aan Klasie van der Merwe

"In my aansoek meld ek graag dat ek 'n boorling van Ceres, Koue Bokkeveld streek is en dus die streek en omgewing ken. Ek sal dit as 'n groot voorreg beskou om in diens te wees van so 'n kragtige en groeiende maatskappy. U kan te alle tye van my lojaliteit verseker wees." Hierdie was deel van Klasie se dekbrieff van sy aansoek vir Vrugte Produksiebestuurder by die Dutoit groep.

Klasie (Nicolaas Johannes) van der Merwe sluit op 1 Augustus 2004 as produksiebestuurder op Tandfontein aan, waar hy deel geraak het van Izak Smit se bestuurspan. Op Tandfontein het hy ongeveer 15 jaar gewerk. Toe hy op Tandfontein begin werk het, was hy reeds met die liefde van sy lewe, Sunita getroud. Tydens hulle tyd op Tandfontein word sy twee pragtige dogters, Carli en Nica, gebore.

Hy word op 1 November 2019 bevorder as Landgoedbestuurder van Vastrap Landgoed. Die familie verhuis 'n paar maande later na Vastrap. Klasie matrikuleer aan Charlie Hofmeyer in 1992. Carli volg in haar pa se voetspore en matrikuleer ook aan Charlie Hofmeyer in 2022. Nica is in graad 9 ook by Charlies.

Klasie het die laaste jaar en 7 maande vol moed die stryd met kanker gevoer. Die dae wat dit nie so goed gegaan het nie het hy altyd gesê: "Môre sal dit weer beter gaan". Op 27 November 2023 het die Here een van sy mooiste blomme kom pluk.

Klasie word beskryf deur sy kollegas as iemand wat nooit enigiets negatiefs of lelik oor iemand anders gesê het nie. Die mees lojaale persoon teenoor sy werk wat hulle geken het. 'n Voorbeeld hiervan was dat hy na chemo behandeling het altyd opgedaag vir werk ten spyte van aanmoediging om eerder by die huis te bly. Sy netheid en trots op sy werk was prysenswaardig. Sy kollegas dui aan dat hulle soveel by hom geleer het.

Ons sal altyd vir Klasie onthou vir die mens wat hy was en hoe hy mense laat voel het. Dit het gevoel of die wêreld stilstaan en hy net vir jou aandag gee. Ons gaan jou baie mis. Ons dink aan Sunita, Carli en Nica en sal hulle bystaan waar ons ook al kan.



Huldeblyk aan Dalene Conradie

Dit is met groot hartseer, maar met diepe erkenning en eer wat ons by Dutoit Groep afskeid neem van Dalene Conradie wat op 17 Oktober 2023 oorlede is.

Dalene was 39 jaar in diens van die Dutoit Groep en het op 28 Februarie 2023 afgetree. Sy was 'n integrale deel van die Dutoit Groep oor baie jare. Ons het die voorreg gehad om in Maart 2023 in persoon van haar afskeid te kon neem met haar aftrede en pragtige herinneringe met mekaar gedeel.

Ons kan saam met Jannie, Driaan, Wardo en Nini bevestig dat sy ons lewens verryk het met haar sprankelende persoonlikheid, haar omgeehart en positiewe uitkyk op die lewe.

Dalene se bydrae was nie net binne die Dutoit Groep gewees nie, maar op verskeie terreine in die gemeenskap en ook in die landbou industrie. Die Gemeenskap rou saam met julle as familie oor Dalene se afsterwe.

Gedurende die 39 jaar het sy diep spore in die maatskappy getrap. Almal by die maatskappy was bevoorreg gewees om haar omgeehart en haar menswees te ervaar.

Sy het die persepsie van vrou in landbou kom verander. Sy was 'n besonderse sterk mens wat altyd vir die regte saak standpunt ingeneem het en sy het nooit geskroom om moue op te rol en die voorbeeld te stel as dit by werk kom nie.

Haar energie was aansteeklik gewees en het altyd die beste uit elke persoon gebring.

Sy was 'n omgee ma en ouma vir haar eie kinders en kleinkinders en sy was bekend as "Ouma Ceres" vir soveel ander. Wanneer personeel in tye van krisis was, het sy selfs buite werksure voortdurend gehelp.


'n Persoon soos Dalene is skaars. Ons is bly dat haar pad met dié van Dutoit gekruis het.

Selfs tydens haar stryd met haar gesondheid die laaste 12 maande was sy 'n inspirasie vir ons. Dalene, ons gaan jou baie mis, maar weet ons sal jou nooit kan vergeet nie.

Dalene sou wou hê dat haar sterfte nie 'n hartseer oomblik moet wees nie, sonder dat die fokus op haar is. Kom ons gebruik haar voorbeeld as mens om ons te inspireer en elke geleentheid, elke oomblik waar ons omgee en liefde kan wys, dit wel doen.

Dalene, ons groet jou met baie groot waardering vir jou opoffering oor baie jare en ons gebed is dat jou nalatenskap sal dien as inspirasie vir almal by Dutoit.

Met dankbaarheid
Dutoit Groep





DIE RONDONNUUS

Die Rondonnuus se impak en potensiaal in ons besigheid word tans onderskat. Ons het 'n jaar of twee terug die formaat na digitaal verander en dit word tans positief ervaar. Die Rondonnuus gee ons die geleentheid om ons waardes uit te bou, met ons mense te kommunikeer, mense te laat deel / trots voel, spangees te groei en erkenning aan mense, ons heel belangrikste hulpbron, te gee.

Runei Kotze is tans verantwoordelik vir die drie uitgawes per jaar (April / Augustus / Desember). Sy is egter 100% afhanklik van die bydraes vanaf ons korrespondente asook bestuur. Ons wil graag hierdie "tool" van ons beter en meer gedissiplineerd drie keer per jaar uitrol en het daarom jou hulp en volgehoue ondersteuning nodig.

Karli Coetzee het methierdie uitgawe uitgehelpen die illustrasies, so wel as die uitleg vir ons gedoen.

Ek wil om al hierdie genoemde redes versoek dat almal julle volle ondersteuning agter hierdie goeie inisiatief sal gooi. Kontak asb jou korrespondent en deel jou nuus met die maatskappy.

Ek vra ook vir die bestuur se persoonlike dryf en dissipline om te help verseker dat bydraes teen die beplande datums afgehandel en aangestuur is.

Dankie dat ons op julle kan staatmaak om die Rondonnuus ook 'n ster in ons besigheid te maak.

Willem Coetzee





KORRESPONDENTE:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Lenchen Visser. Paardekloof: Nicola Dark. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: An-Joh du Toit. Excelsior: Raeesa Hoosen. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

REDAKSIE:

Runei Kotze, Jacques Matthee & Mariette Le Roux
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

ONTWERP:

Karli Coetzee

REDAKSIONELE BELEID:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

